8 September

Skrifgedeelte: Handelinge 23:1-11 (OAV)
Fokusgedeelte: Handelinge 23:6(b)

# Opstand oor die opstanding

Die reaksie van die heidense wysgere op die prediking van Paulus oor die opgestane Christus was, om die minste te sê, teleurstellend. Maar die apostel het al ervaar dat die teëkanting van die Joodse sinagoge, die Joodse "kerk", ontsaglik heftiger was. Lees maar wat daar gebeur het in plekke soos Antiochië, Ikonium, Listre en selfs in Tessalonika (Hand 13-17). Daar was dit juis die "kerk-mense" wat met woede en geweld die evangelie van die lewende Verlosser verwerp het! En dieselfde word beskrywe in ons Skrifgedeelte. Vanuit "die kerk" word daar selfs 'n sameswering gemaak om Paulus te vermoor! En waarom? Dit sê ons teksvers: "Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg" (Hand 23:6).

Vantevore het hy vertel hoe hy op die pad na Damaskus agtergekom het dat Jesus Christus nog lewe (Hand 22). En op grond daarvan verkondig hy die opstanding van die dode. Omdat Christus opgestaan het, is daar ook 'n vaste hoop vir elkeen wat deur die kruisoffer van die Here met God versoen is.

En rondom hierdie evangelie van God se vrymagtige genade in Christus kom die woede van die "kerkvolk" en die "kerkleiers" los! Net so moet ons die geleerde hoorders van Atene, die wettiese sinagoge-besoekers en die Joodse Raad afsien van hulle mensgerigte idee van verlossing deur eie toedoen nie. Eintlik gaan dit in "die kerk" nog erger as in die wêreld. Opstanding vir die dode, 'n lewende Christus is hier nie net 'n bespotlike dwaasheid nie, maar ook 'n ergerlike onreg teenoor die "goeie" mens, die godsdienstige vrome wat reken hy is geregtig op God se guns. Vandag sou ons dalk sê: "Ek is mos gedoop, ek is lidmaat van 'n kerk, ek lewe mos ordentlik, ek is tog geen heiden nie." Al meer en meer word daar 'n evangelie verkondig sonder die kruis en die leë graf van die sonde-versoenende Christus. Teologies word al minder verwag van die kruisoffer.

Daar word al spottend van daardie versoening deur Christus gesê: "Gee my porsie maar vir die hondjie"! En oor die geopende graf word steeds getwyfel of daar van 'n werklike opstanding wel sprake kan wees! Wie dit nog glo, word as "fundamentalisties" afgemaak.

Maar: Leef ons nog wel, ook in ons daaglikse lewe vir ons inlywing met die gekruisigde en opgestane Here? So nie, watter hoop en verwagting het ons dan vir tyd en ewigheid?

So ja, watter rus en vrede gee dit dan vir ons as ons kan sê: "Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins!" (Fil 1:21).

Sing: Psalm 16:4, 5 (Totius)

Ds LH Stavast (Emeritus)